Strategie. **15 November 2013.**

Opgestel onder Leiding van Die Heilige Gees.

1. Inleiding.
2. Die Evangelie van Vrede.
3. Die Bybelse Doop in Water.
74. Doping in/met Die Heilige Gees.
5. Gawes van Die Heilige Gees.
6. Vrug van Die Heilige Gees.
7. Wapenrusting.
8. Oorlogvoering.
a. Oorsprong van vloeke.
b. Bevryding van vloeke.
9. Die Wegraping.
10. Positiewe belydenisse.
a. Mediteer Die Woord.
b. Verklaar Die Woord.

Inleiding

Hi daar Wilanda (skuilnaam), ek is so jammer dit neem so lank om jou strategie te doen, my internet is eers gisteraand so 80% ge-fix.Nou kan ek darem met jou kommunikeer en nou gaan ek ernstig begin om jou te leer. Nou gaan ek iets baie stupid doen, maar ek doen dit met 'n goeie rede, dink ek, ek gaan by no.10 begin omdat dit so dringend is, regso? Dankie kind. Hier gaat ons.

10. Positiewe belydenisse.

Wilanda, die krag in positiewe belydenisse lê daarin, eerstens, omdat ek(Wilanda) glo, dat die mag oor die lewe en die dood in die tong van die mens lê, volgens:

Pro 18:7 Die mond van die dwaas is sy ondergang en sy lippe 'n strik vir sy lewe.

Pro 18:20 Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy

word versadig van die opbrings van sy lippe.

Pro 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

Met ander woorde....dood..of..lewe. Ek besluit wat ek my tong laat bely: Positief of Negatief....die keuse is myne. Al is die huidige toestand negatief... ek bely positief. Hoekom? Want Die HERE beveel dit, en HY weet beter.

My getuienis.

Wilanda, toe ek ongered was, kon my bynaam Ou Badluck gewees het,regtig. Al ooit gehoor van iemand wat 4 papwiele op een dag kry....nie op Namakwaland se paaie nie kind, binne in Uitenhage, teerstrate. Binne 21dae, 3 motor ongelukke....nie een van die ongelukke agv my agtelosigheid of spoed of iets dergeliks nie. Bedank my werk agv koerantadvertensie, kry die werk, 3 weke later, maatskappy verkoop, almal, insluitend ek, "retrenched". Gaan na ander maatskappy, kry onmiddellik die werk, weer 3 weke later sterf die eienaar....@#$%&!!!! Nou raak ek siek, dodelik siek, een dokter na die ander, niemand weet wat my makeer nie. Ek hou nie eers water binne nie, van 92 kg na 65kg in minder as 'nmaand. Toe pak 'n gees van obsessie my, natuurlik nie van so iets geweet nie. Ek ontwikkel 'n ongelooflike vrees vir spykers, ja spykers. Droom elke nag ek trap in 'n sesduim spyker wat deur 'n houtblok geslaan is, mal van vrees word ek wakker, papnat gesweet. Begin in my slaap loop ens ens ens, wil nie eers daai tydperk in my lewe besoek nie. Nou, kort tydjie werkloos, beland binne maande by nog 'n plek wat bankrot raak, en ek begin glo dis my skuld. My verloofde kom "steel", onder valse voorwendsels, my seun by my ouers, en vir die volgende 36 jaar hoor ek nooit weer van hom nie, hulle verdwyn net eenvoudig. Dit slaan my vir 'n ses, neer teen die planke, ek "lose" dit. My ma ook,en my pa. Hulle het my sussie op 2jaar en 9 maande agv meningitis verloor. Die geskiedenis herhaal homself, my seun was ook 2jaar en 9 maande oud toe hulle hom "steel".*

Wat hierop volg, vertel ek vir niemand nie....onlangs hoor ek by 'n wedersydse vriendin dat my gewese meisie my 'n "washout" genoem het. Skielik!!!Uit die bloute begin ek "spoke" en dergelike gedaantes sien, sommiges wurg my snags. Nou word dinge eers erg. Ons buurvrou oorkant die straat is "heldersiende". Vertel my ma dat sy elke nag deur haar kamervenster sien dat 'n swart motor 'n "djin" voor ons deur aflaai, lang storie kort....'n Slamse "slimman" of medium kom besoek ons huis, strooi goeters rondom die huis en doen ander bizzare

rituele en vir so 'n kort tydjie wil dit voorkom asof dinge verbeter....MAAR....nou kom die geeste keer op keer terug, totdat ek die medium meer geld gee, dan is hulle weer weg vir 'n ruk....en so herhaal die storie hom, oor 'n periode van 13 maande, totdat ek een aand my "rag" totaal verloor en ek rand die spookding of wat ookal aan.

Die ding lig my op en gooi my teen my hangkas vas dat die planke uitmekaar spat, maar dis die laaste sien van hom EN die medium, was als 'n set-up. Nou breek ek en my meisie op en ek ontmoet my vrou, ons trou en ek is die ongelukkigste man in die hele wêreld. Moet net byvoeg, in die interim het ek amper selfmoord gepleeg en was vir 'n lang tyd "suicidal".

Ja Wilanda, ek was nie altyd "cool, calm and collected" nie, weet nie of ek nou is nie, by the way. Maar, 10 jaar na my huwelik, ontmoet ek 'n ou "band" tjommie van my, en ou Schalk se vrou, wat uit 'n spesiale middelbare skool, ons het hulle die "donkie tech" genoem kom, vertel my die eerste keer in my lewe die volle en regte Evangelie, volgens Die Bybel. Ek hardloop weg vir haar want sy praat goed wat ek nog nooit in my lewe gehoor het nie, vreemde goed maak baie van ons mos bang, maar sy is 'n pitt bull, laat haar nie "duck 'n dive" deur 'n kaboutermannetjie nie en staan en klop aan die deur tot ek oopmaak. Na 'n klompie weke luister ek, want my dominee kannie my vrae, wat "Pitt bull" my gevra het, beantwoord nie en ek besluit, die Ou Kerk het my bedrieg. Hulle kon nie hul dogma Skriftuurlik staaf nie. My predikant het 'n doktorsgraad in teologie en ek ontdek, daai doktorsgraad is so eg soos die esels wat daai vak doseer, nie een van hulle kan die doodgewone Afrikaans, waarin Die Bybel geskryf is, lees nie. Sonder om sarkasties en afbrekend te wil wees, ek kan nie glo hulle ontvang sulke reuse salarisse vir die twak wat hulle kwytraak nie. Ek kom tot JESUS op 10 Junie 1985, op 12 Junie word ek van sigarette verlos, op 16 Junie word ek, volgens GOD's Woord, in water gedoop en binne enkele dae WEET ek hoe praat 'n mens, wat deur GOD aangeraak is. Ek was baie gelukkig om wonderlike rolmodelle te kon hê en ek leer baie gou hoe 'n kind van Die HERE optree EN praat.

In 38 jaar in die Ou Kerk het dit NOOIT met my gebeur nie, nou is ek enkele dae by "Die Sektes" en my ouers en vriende sien dadelik die verskil in my leefwyse. Skielik verander my omstandighede, ek vloek nie meer nie, kannie vloek nie, asof ek al die skelwoorde vergeet het. My nuwe broers en susters besoek my daagliks, en as ek een woord uit plek of negatief gebruik, piets hulle my oor die vingers, verwys na een of ander Skrif en ek luister want ek WIL Die HERE behaag en ek WIL soos hulle leef. My ou lewe is verby....

2Co 5:16 Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie.

2Co 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

MAAR!!!!!

My ou vriende bly in Die Ou Kerk, Saterdagaande dans, jol en drink....Sondag oggende ge-"suit en ge-collar en ge-tie" en in die voorste gestoeltes om na die diens huistoe te jaag vir die REGMAKER. Nee broer, nou judge jy. Ja dis waar. Hoe ganie ou Pinkstergesegde? Die waarheid isse naarheid maar hou jou ytie gevaaruit. Dankie HERE vir 'n Pinksterervaring.

Terug na my getuienis.

'n Pastoor kom besoek ons gemeente en ek leer by hom van die Logos en die Rhema, hoe die Logos die geskrewe en die Rhema die gesproke Woord van GOD is en hoe dat JESUS Die Woord teen satan (klein "s" opsetlik)in die woestyn gebruik het om hom te oorwin. Ek leer dat die Logos verander in kragtige Rhema. Toe satan JESUS versoek, het HY elke keer gesê : "Daar staan geskrywe".

Mat_4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Mat_4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.

Mat_4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

Mat_4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

Mat 4:11 Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

Kyk gou hoe beskryf Lukas die laaste gedeelte:

Luk_4:13 En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, het hy 'n tyd lank van Hom gewyk.

Wilanda, die satan het nie opgehou met sy beproewing van Die HERE nie, het net 'n tydlank gewyk van HOM. So sal hy my en jou ook altyd beproef, maar ons sal hom teenstaan en hy sal van ons weghardloop :

Jas_4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

1Pe 5:7 Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

1Pe 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.
1Pe 5:9 Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.
1Pe 5:10 En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!
Ou Pastoor Henry Hawley kom besoek ons en loop met Die Bybel onder sy arm, lees byna 4 hoofstukke, foutloos uit sy kop. Ek kan dit amper nie glo nie. Foutloos, woord vir woord. "Die HERE gee dit vir die wat dit verlang", antwoord hy my na die diens. Dis moontlik Wilanda. "Ek lees altyd Die Woord hardop, dieselfde hoofstuk, oor en oor vir 5 of 6 dae", vertel hy verder,"dan word dit Rhema vir my.. Broer Sarel, behalwe die KRAG van die Doping met Die Heilige GEES, die KRAG van Die Evangelie, en die KRAG van die bloed van JESUS, is die KRAG van die Rhema Woord van kardinale belang vir die Pinksterkind van Die HERE". Hoe verlang ek nou na die ou kneg, wetie eers of hy nog leef of al huistoe is nie.
Sien Wilanda, terwyl Die Bybel saggies gelees word en nie verklaar word.... "daar staan geskrywe nie", verlig dit wel die gees en siel, maar wanneer ons Die Woord hardop verklaar, word dit kragtige Rhema en dra dit dieselfde krag as toe JESUS dit teen satan gebruik het.
Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.
Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
Party mense glo daaraan om Die Bybel by Psalm 91 oop te maak en in 'n slaapkamer te los en dat dit dan die demone sal weerhou. Nou ja, ek het al getuienisse van sukses gehoor en ek praat glad nie daarteen nie, maar kyk na hierdie getuienis. Een aand, terwyl ons in Heidelberg bly, bel 'n onbekende vrou my uit Brackenfell, totaal histeries, ('n Pastoor van Kraaifontein het haar gesê om my te bel).Hy het haar ook vertel om Die Bybel by Psalm 91 oop te maak. "Mnr. Fourie, hier stap 'n reuse swart "ding" in my huis rond, ek het by die voordeur probeer uitvlug, maar hy keer my voor. Ek het vandag terug getrek na my huistoe nadat die vorige huurders net weggeloop het en ek het vanaand uitgevind hulle is sataniste en het erge rituele in my huis gehou. Help assblief, hier kom hy weer".(Wilanda, ek glo, die feit dat sy Die Bybel by Psalm 91 oopgehad het, het moontlik gesorg dat die swart "ding" haar nie aangeval het

nie. Dit was egter die bevel van 'n gesalfde van GOD en die verklaring van Die Woord wat hom laat vlug het).

"Mev. Druk die luidspreker knoppie. Jou vuil demoon, in Die Naam van HOM, JESUS CHRISTUS, wat julle in die openbaar uitgeklee het, hoor hierdie Skrif:

Col 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

Gaan onmiddellik agteruit en verlaat die vertrek en die huis, daarna verlaat jy die erf en dan verlaat jy die omgewing, daarna die dorp en daarna Suid Afrika. Nou dadelik, in JESUS NAAM!!!!

"Mnr. Fourie, hy is besig om pad te gee, maar wat as hy terugkom"?

"Mev. dan gryp u Die Bybel en lees Psalm 91 hardop en ek beloof u, hy sal weghardloop. Lees ook nou hardop Hebreërs 1/ 13-14, maar lees dit werklik sommer baie hard, sodat alle versteekte demone dit hoor. My selfoon is langs my bed en ek is tot u beskikking 24 uur per dag as u my nodig het, maar u as kind van GOD het volle outoriteit oor demone in Lukas 10/19.

Luk 10:17 En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.
Luk 10:18 Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.
Luk 10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.
"Mev, ek skakel u more oggend om te hoor hoe dit gegaan het, regso?"
Die volgende oggend omtrent 9 uur bel sy:
"Prys Die HERE mnr. Fourie, ek het soos 'n klip geslaap, vanoggend vroeg my huis van hoek tot kant deursoek, 2 klein pentagramme gekry en weggegooi en my huis en ek is nou ritueel skoon. Baie dankie."
Wilanda, ek het nooit weer van haar gehoor nie, ek neem aan sy het in een aand geleer wat baie kinders van Die HERE oor jare nie leer nie, en dit is om GOD se Woord te gebruik, reg te gebruik, sodoende die KRAG daarin los te laat om die oorwinning vir ons te behaal.

10 a. Mediteer Die Woord.

Nou gaan ek jou eers leer om Die Woord van GOD te bepeins of daaroor te mediteer, dat dit by jou kan inslag vind en jy dit beter kan memoriseer.Hierdie meditering word nie met oosterse meditasie verwar nie, hulle herhaal "catch phrases" of "mantras" vir ure aaneen totdat hulle in 'n beswyming val. Daarby neem hulle 'n sekere posisie in en meesal weerspieël hierdie posisies een of

ander aanbidding van die son of soms die "kundalini" aanbidding van die kobra of die sogenaamde "lotus" posisie. Hierdie soort meditasie is lewensgevaarlik so dat hindoes en boediste vele maal in 'n katatoniese toestand beland waaruit sommige NOOIT weer kom nie. Ek wil nie verder hierop ingaan en die satan enige eer of glorie gee nie, maar in die ooste is hierdie "kranksinnige" toestand iets wat ernstige hindoes begeer.

Ek moes by verskeie geleenthede al die "kundalini" gees uit mense dryf en almal is verheug wanneer hulle daarvan bevry is. Ons het al ervaar dat mense wat met "kundalini" besmet is, se gesigsvorms verander om 'n reptielagtige voorkoms aan te neem. Een pragtige jong vrou, 'n voormalige Joolkoningin, het met 'n sekere kultuurgroep bevriend geraak,en tydens hul feeste, die voedsel, wat vir afgode bestem was, geëet en haar ma het ons in hewige angs gekontak en vertel dat haar dogter se gesig skielik verander het en dat sy nou soos 'n padda lyk, uitpeul oë en tong wat by haar mond uithang met kwyl wat teen haar wange afdrup.

Ons was op daardie stadium amper oppad Pretoria toe en het besluit om ons reis te vervroeg, want die vroutjie het intussen na Britz verhuis. Naby Bloemfontein het haar ma my in trane gebel eb meegedeel dat sy skielik dood is. Nadoodse ondersoeke kon nie die oorsaak van haar dood bepaal nie. Mens wonder maar.

Hoekom vertel ek Wilanda hiervan? Net om te wys hoe vieslik die vyand werklik is en om ver weg te bly van feeskosse van ander gelowe en kulture. Ek en Ian is tans besig om te PROBEER om 'n skisofreen te bedien. Met ons eerste besoek openbaar Die HERE skielik aan my 'n groot yskas enamel bak met rye en rye samoosas in. Ek vertel die "pasiënt" en hy noem dat hy "mal" is oor samoosas en hy koop elke dag by 'n sekere groep daarvan. Toe wys Die HERE my 'n kleurlingvrou wat hom aandag gee en hy erken dat een van die vroue by die "samoosaplek" hom wil verlei. Gevaarlik Wilanda, gevaarlik!!!En weet jy hoekom? ONKUNDE!!!!GEESTELIKE BLINDHEID!!!!

Hos 4:6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

Meer hieroor wanneer ons die hoofstuk, "Oorsprong van Vloeke" behandel.

Wanneer wedergebore kinders van Die HERE oor Die Woord mediteer, sit ons regop by 'n tafel, nadat ons gebid en Die HERE gevra het om SY Woord, Rhema, lewend, in ons gees te maak, dat ons dit sal onthou en, in gevaar of ander situasies, kragtig te kan gebruik.

Soos jy deur Die Bybel lees, vind jy 'n Skrif wat jou inspireer en jy wil dit graag onthou. Neem as voorbeeld :

Php 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Om hieroor te mediteer of dit te bepeins en te onthou, is dit 'n kwessie van herhaling, maar nie soos 'n graad 1 kind nie. Dit gaan oor die plasing van die beklemtoning van sekere woorde.

Fillipense 4/13 leer my:

EK(Wilanda) is tot ens.....

Ek IS tot alles ens.....

Ek is TOT alles ens.....

Ek is tot ALLES ens.....

Ek is tot alles INSTAAT ens.....

Ek is tot alles instaat DEUR JESUS WAT ens.....

Ek is tot alles instaat deur JESUS wat MY KRAG GEE....

Maak baie seker dat jy die beklemtoning ekstra woema gee wanneer jy dit kwoteer. Jy het nou hierdie vers minstens 7 maal herhaal. Onthou om elke keer, voor die uitspreek van die vers, ook die Skrif verwysing te herhaal. Ek is baie daartoe geneig om die verse te sing. Probeer dit!!!

Hieronder gee ek jou 'n gedeelte om te bepeins en te mediteer, sjoe, kyk net wat mens alles kan leer uit hierdie gedeelte. Ons moet ook ALTYD onthou WIE het Die Woord geskryf. Lees eers hier en daarna 'n geliefde gedeelte van lering.

2Ti 3:14 Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,

2Ti 3:15 en dat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.

2Ti 3:16 Die **hele Skrif is deur God ingegee** en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

2Ti 3:17 sodat die **mens van God volkome kan wees,** vir elke goeie werk volkome toegerus.

Pro 3:1 My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar;

Pro 3:2 want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder.

Pro 3:3 Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart,

Pro 3:4 dan sal jy genade vind en 'n goeie insig in die oë van God en die mense.
Pro 3:5 Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.
Pro 3:6 Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.
Pro 3:7 Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die HERE, en wyk af van die kwaad;
Pro 3:8 dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.
Pro 3:9 Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste;
Pro 3:10 dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.
Pro 3:11 My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie,
Pro 3:12 want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het.
Pro 3:13 Gelukkig die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand verkry;
Pro 3:14 want die verkryging daarvan is beter as dié van silwer, en die verwerwing daarvan beter as van goud;
Pro 3:15 dit is kosteliker as korale, en al jou kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie.
Pro 3:16 In sy regterhand is lengte van dae, in sy linkerhand rykdom en eer;
Pro 3:17 sy weë is lieflike weë, en al sy paaie is vrede.
Pro 3:18 Dit is 'n lewensboom vir die wat dit aangryp, en elkeen wat dit vashou, is gelukkig.
Pro 3:19 Die HERE het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel;
Pro 3:20 deur sy kennis het die watervloede oopgebreek en het die wolke dou gedrup.
Pro 3:21 My seun, laat dit nie uit jou oë wyk nie, bewaar beleid en oorleg,
Pro 3:22 dan sal dit die lewe wees vir jou siel en 'n versiersel vir jou hals;
Pro 3:23 dan sal jy veilig jou weg bewandel en jou voet nie stamp nie;
Pro 3:24 as jy gaan lê, sal jy nie skrik nie, en lê jy, dan sal jou slaap soet wees.
Pro 3:25 Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die goddelose as dit kom nie;
Pro 3:26 want die HERE sal jou vertroue wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik.

Pro 3:27 Hou 'n weldaad nie terug van hom aan wie dit toekom as dit in jou mag is om dit te doen nie.
Pro 3:28 Sê nie vir jou naaste nie: Gaan en kom terug, dan sal ek môre gee—terwyl jy dit het.
Wilanda, ek gaan nie enige van die beloftes en aanbevelings hierbo "hi lite" nie, ek glo jy kan ure daarin spandeer, jouself onder die loep plaas en besluit wat jy in die toekoms anders gaan doen om Die HERE te behaag en SY seën te verseker. Ek gaan nou eers gou hierdie email. Die res more oggend.Mooibly!!!
Ek is terug, dis nou 22h40 en ek is lus om nog 'n rukkie te skryf. Moet nou eers weer die drade optel, alles weer van vooraf lees sodat ek kan koers kry. Laat ons eers bid en Die HERE se seën oor ons Skrif verklarings vra.

Gebed :

VADER, ons kom nou in Die Naam bo alle Name, JESUS CHRISTUS van Nasaret en nader U Troon van Genade, want **ons lees in Hebreërs 4/16**

Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. VADER, U weet wat in die diepte van ons harte aangaan, en ken ons bekommernisse, U besluit wat met ons moet gebeur om ons die regte weg te lei:

Jer 17:10 **Leer my>>>** Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge.

HERE JESUS, ons weet ook dat U soms moeilikhede op ons pad stuur, want U alleen het rigting vir ons, het planne vir ons toekoms:

Jesaja 30:20 Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien;
Jesaja 30:21 en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.
Jesaja 30:22 En julle sal verontreinig die oortreksel van jou gesnede beelde van silwer en die beslag van jou gegote beeld van goud; jy sal dit weggooi soos iets wat besoedel is. Weg daarmee! sal jy daarvan sê.
Jesaja 30:23 Dan sal Hy reën gee vir die saad waarmee jy die grond besaai, en broodkoring wat die grond voortbring, en dit sal smaaklik en voedsaam wees; jou vee sal in dié dag wei op 'n uitgestrekte weiveld.
HERE JESUS, ek weet U het net die beste vir my in gedagte, maar ek bid al so lank , en tot op hierdie datum het dinge net nie vir my in plek geval nie.
HERE JESUS, ek wil U aan hierdie Skrif herrinner: **Dis so wonderlik!!!**

Jeremia 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.
Jeremia 29:12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister.
Jeremia 29:13 En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.
Jeremia 29:14 En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.
HERE JESUS, ek wil U nie versoek nie, ek het geen reg daartoe nie, dus kom ek tot U in die wete en vertroue dat U genade genoeg is om my te vergewe, sou ek U versoek. Ek weet U Woord leer dat U beloftes eg is en dat ek daarop kan vertrou.
2Korinthiers 1:20 ***bemoedig my>>>****Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.*
HERE JESUS, ek moet binne enkele dae uit my blyplekkie, baie dankie dat ek die afgelope ruk hier kon bly, Sarel verseker my dat U nooit een deur toemaak en nie 'n ander een oopmaak nie. Daarom is ek opgewonde om te sien hoe U gaan reël, want die vrae wat deur my kop maal is, Hoe, Wanneer, Waar. Gaan U vervoer vir my in plek sit? Alles vrae waarmee ek worstel.
HERE JESUS, ek gaan nou ophou bekommer en net op U vertrou. As daar dinge, issues ens in my lewe is wat ek moet bely of uitskakel, maak ek my droom kanaal wyd oop vir U en vra U om my droom kanaal vir satan en sy demone te sluit dat ek net van U kan hoor totdat ek namate gegroei het in my Geestelike lewe om tussen U stem en die baie ander stemme in die atmosfeer te onderskei.
Ek wil U graag ten volle dien en daarom bely ek weereens al my oortredinge voor U en weet ***U Woord leer*** *:*
Miga 7:18 Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid.
Miga 7:19 Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.
1 Johannnes 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

1 Jn 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

1 Jn 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.

1 Jn 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. Ag HERE JESUS, WAT 'n vertroosting!!!!!!!En bemoediging!!!!!!Dankie!!!!!!!

1 Jn 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

HERE JESUS, U Woord is so kosbaar,

Psalm_119:49 Gedenk die woord aan u kneg, omdat U my laat hoop het.

Psa_119:65 U het goed gedoen aan u kneg, HERE, na u woord.

Psa_119:67 Voordat ek verdruk was, het ek gedwaal; maar nou onderhou ek u woord.

Psa_119:74 Die wat U vrees, sien my, en hulle is bly; want op u woord wag ek.

Psa_119:81 My siel smag na u heil; op u woord wag ek.

Psa_119:89 Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.

Psa_119:105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

HERE JESUS Ek het dit nooit regtig geweet nie, ek begin nou maar eers om die krag van U Woord te ervaar, ek begin nou eers werklik leer van U goedertierenheid.

Baie dankie, ek weet dis nooit te laat om U aan te roep nie!!!

Psalm 50:15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Exodus_34:6 En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou;

Psalm_86:15 Maar U, Here, is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.

Psa_103:8 Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Psa_145:8 Get. Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

2Petrus 3:9 Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Lukas 18:1 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,
Luk 18:2 en gesê: Daar was 'n regter in 'n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie.
Luk 18:3 En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty.
Luk 18:4 En 'n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie,
Luk 18:5 tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelik kom en my in die gesig slaan nie.
Luk 18:6 Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê.
Luk 18:7 Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?
Luk 18:8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?
HERE JESUS, hierdie Skrifte het my geleer om nie moedeloos te word nie en net aan te hou en aan te hou en nie op te hou om U aangesig te soek nie.
HERE, van vandag af gaan ek net aanhou om U Naam groot te maak en U Woord te verklaar en daarop te vertrou en WEET U is 'n Waarmaker van U Woord,
Jeremia 15:16 Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskare!
HERE JESUS, ek vertrou in my hart dat ek saam met Jeremia sal uiter: "U Woord is vreugde en vrolikheid vir my hart.
Ek dank U dat ek nou hierdie kragtgige Woord kan begin verklaar, in JESUS Naam, Amen en Amen!!!

10b. Verklaar die Woord.

Wilanda, in die wildernis was JESUS deur die satan versoek,
Mat 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.
JESUS het satan egter elke keer getroef met die Woorde:"Daar is geskrywe".
Mat 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

Wanneer jy dus nou begin om GOD se Woord hardop te verklaar, sê jy elke keer >>>>>>>>> "Daar is geskrywe".

Onthou Wilanda, Die HERE wil hê dat jy HOM aan SY beloftes herinner :

Jesaja 62:6 o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie.

ABBA VADER, ek kom nou in U SEUN, JESUS CHRISTUS van Nasaret en nader U Troon van Genade en verklaar die volgende. In die natuurlike dimensie, lyk dit of ek op die afdraande is en oppad na die ashoop om daar soos Job te sit en my geboortedag te verwens, ek is op die punt om sonder werk, sonder finansies en sonder hoop op straat uitgeskop te word.....maar, ek is beslis nie sonder hoop nie, WANT....

Daar is geskrywe :

Psalm 23:1 Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.
Psa 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Psa 23:3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
Psa 23:6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

Prys U Wonderlik Naam, NET GOEDHEID EN GUNS SAL MY VOLG, AL DIE DAE VAN MY LEWE!!!!!!!NET GOEDHEID EN GUNS.

>>>>>>>

Psalm91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.
Psa 91:2 Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.
Psa 91:9 Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.
Psa 91:10 Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie.
Psa 91:11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.
Psa 91:14 Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.
Psa 91:15 Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.
Loof U HERE JESUS, ek word deur U en U engele beskerm, ek hoef regtig niks te vrees nie. Ek skuil net by U, o ROTS van die eeue, ek skuil net by U!!!
*>>>

Psa 103:9 Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie.
Psa 103:10 Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.
Psa 103:11 Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.
Psa 103:12 So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.
Psa 103:13 Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.
Psa 103:14 Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.
>>>

Psalm 104:31 Laat die heerlikheid van die HERE vir ewig wees, laat die HERE bly wees oor sy werke,

Psa 104:33 Ek wil sing tot eer van die HERE solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is.

Psa 104:34 Mag my oordenking Hom welgevallig wees; ék sal bly wees in die HERE!

>>>

Mat 6:28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie;
Mat 6:29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie.
Mat 6:30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?
Mat 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?
Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.
Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.
Mat 6:34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

Wilanda, om die Koninkryk van GOD te soek, is nie moeilik nie, mens leer soos jy groei, en daarmee sal ek jou ook help deur lering in hierdie strategie, maar deur nou te begin om GOD te verheerlik deur liefde vir SY EWIGE Woord te kweek....EN....te VERKLAAR, is jy reeds besig om die Koninkryk te ontdek.
Die WOORD is vol lering oor die Koninkryk.
Dankie HERE JESUS, vir U voorsiening want U Naam is : JEHOVA JIREH, Die GOD wat voorsien.
>>>

Isa 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

HERE JESUS, dit beteken mos dat ek eintlik alreeds genees is, maar ek moet net Die Skrif verklaar en onder die krag van U bloed kom. Ek moet U bloed deelagtig word, WANT....

Daar is geskrywe.

Joh_6:53 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

Joh_6:54 Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Joh_6:55 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.

Joh_6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

HERE JESUS, ek verstaan nou waaroor Die Heilige Nagmaal gaan, hierdeur word ek met U verenig. Ek sal nou met baie meer agting na die broodjie en die wyn kyk.

>>>

Deu_31:6 Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie.

Deu_31:8 En dit is die HERE wat voor jou uit trek; Hy sal met jou wees; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie; jy mag nie bevrees of verskrik wees nie.

Heb_13:5 Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

>>>

HERE JESUS, U ken my verlede, U ken my vyande, baie het teen my opgestaan, maar ek hoef my nooit weer oor hulle te bekommer nie, WANT....

Daar is geskrywe.

Deu 28:7 Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

HERE JESUS, ek is so opgewonde, want ek is oortuig, deur U Woord, dat ek goeie werk gaan kry, suksesvol gaan wees en waar U my ook heen gaan stuur, gaan ek geseënd wees, WANT....

Daar is geskrywe.

Deu 28:8 Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee.

Baie, baie dankie vir die beloftes van seën, ag het ek maar voorheen daarvan geweet!!!!Nou weet ek dat U al die tyd op my gewag het om in te kom in U Koninkryk sodat U my kan vestig as heilige, WANT....

Daar is geskrywe.

Deu 28:9 Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.

Deu 28:10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

VADER, ek weet ook nou van die betaal van tiendes en ek vrees nie om te betaal nie want daar is groot seën daarin, want U beloof dit, WANT....

Daar is geskrywe.

Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

Maleagi 3:11 Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbring van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.

VADER, ek glo absoluut in die oopmaak van die vensters van die hemel want U bevestig dit, keer op keer, WANT....

Daar is geskrywe.

Deu 28:12 Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

Ek dank U nou reeds vir die seën van die werk van my hande, prys U Naam!!!

VADER, ek raak meer en meer opgewonde oor my toekoms, ek weet ek gaan 'n baie goeie werk kry en U begeer net die beste vir my, WANT....
Daar is geskrywe.
Jeremia 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.
Jer 29:12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister.
Jer 29:13 En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.
Jer 29:14 En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.
Ek weet nie hoe dit gaan gebeur nie, maar dit wil voorkom asof ek in 'n bestuurspos gaan wees, WANT....
Daar is geskrywe.
Deu 28:13 En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen,
Deu 28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.
HERE JESUS, ek moet net na U luister en in U weë wandel. Baie dankie vir U groot en ondeurgrondelike genade, in JESUS Naam, Amen en Amen.

Wilanda, jy het waaragtig deur baie dinge, swaarkry ens gekom, satan het jou daarvan weerhou om in SY Vrede in te gaan, jou drukgang was baie lank, maar nou is jy besig om deur die hek te beweeg. Onthou, satan sal hewig veg, maar hy is besig om grond te verloor. Hoe weet ek dit???WANT....
Daar is geskrywe
Eph 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.
Eph 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het
Eph 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep
Eph 2:16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.
Eph 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;

Eph 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.
Eph 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,
Eph 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,
Eph 2:21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,
Eph 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.